Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Geagte lesers,

Die winde waai en die tyd stap aan… en dit beteken ook dat dinge aan die verander is. Onlangs moes die Olielamp van Tanya de Vente afskeid neem; Tanya, baie dankie vir al jou insette en ywer waarmee jy die afgelope twee jaar aan die Olielamp gewerk het. Ons sal jou bydraes sekerlik mis. Sterkte ook op jou pad vorentoe.

In dieselfde asem wil die redaksies vir Sandra Zielman bedank vir haar werk as 'spellingchecker'. Hoewel hierdie werk gewoonlik agter die skerms gebeur, bly dit tog 'n baie belangrike onderdeel. Ook aan jou baie dankie vir al jou moeite. Welkom aan Mirjam de Vries wat die taak by haar gaan oorgeneem.

Aan my is die voorregte (en daarmee saam die verantwoordelikheid) as stuurvrou van die Pretoria redaksie gegee. Van nou af sal ek die persoon wees wat hard probeer om die Olielamp brandende te hou. Daarvoor het ek natuurlik almal se ondersteuning nodig. Daarom ook 'n dringende versoek aan almal om die inkpot nader te trek en met die gansveer 'n paar swierige letters op papier neer te pen. Of as jy dit verkies mag jy dit ook doen deur die regte knoppies op die regte tyd te druk. Ons verwelkom enige bydraes.

Ten midde van al hierdie veranderings wat plaasvind, het ons die geweldige troos dat die evangelie nie verander nie. By al die onsekerhede in die wêreld mag ons weet dat daar redding is vir elkeen wat glo in Jesus Christus. Ons lees in 1 Petrus 1:24 en 25: "Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid."

Besef ons wat 'n geweldige rykdom dit is? Laat ons daarom ook nie verslap om die evangelie beter te leer ken nie. Lees en bestudeer jou Bybel, op jou eie en ook in groepsverband. Luister na God se woordverkondings op Sondae. Bid met die nodige eerbied tot God, vra Hom alles wat jy kortkom, en jy mag weet dat Hy jou gebed verhoor. Wys in jou lewenswandel dat jy 'n kind van God is. Mag die Olielamp ook 'n middel wees waarmee ons mekaar in hierdie sake sal ondersteun en opbou.

Geniet hierdie uitgawe van die Olielamp. Daar is 'n hele verskeidenheid onderwerpe wat aangeroer word. Interessanthede van selfone in die kerk, tug en raad van Paulus tot die wet en Openbaring. Geniet dit, oordink dit, herkou dit, verwerp dit – skryf dan 'n vervolg of reageer daarop, net wat jy wil.

As laaste wil ons veral aan die matrieks sterkte toewens vir die belangrike eksamens wat voorlê. Onthou dat daar agter die eksamens vakansie skuil! Vir die wat al besig is om vakansieplanne te maak, moenie van die jaarlikse jeugkongres in die Kaap vergeet nie.

Namens die Pretoria-redaksie
Carina Bijker

Jaargang 8 nr 7, Oktober 2004

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Bewerk God ook die kwaad?	2
Die nuwe hemel en die nuwe aarde	3
Psalm 119: In God se wet vind ek my vreugde	5
Op Pad	**6**
Alles is my geoorloof, maar...	6
Laat die regverdige my met liefde slaan	8
Ek en die wet van God	9
Voel Jy Ook So?	**11**
Lewenswyse	11
HELP, ek het 'n selfoon!	12
Nog Iets	**13**
Die verhaal van die Vislose Vissermanne	13
Deur Die Sleutelgat	**14**
Voetspore	**15**
Gedigte	**16**

UIT DIE WOORD

BEWERK GOD OOK DIE KWAAD?

Schalk van der Walt

In die Bybel is daar verskeie tekste wat hierdie vraag by 'n mens kan laat opkom. 'n Voorbeeld hiervan is die geskiedenis van Dawid se telling van die volk, wat in twee plekke in die Bybel beskryf word (I Sam. 24:1 en I Kron. 21:1). In I Samuel staan daar dat *God* Dawid aangehits het om die volk te tel en in I Kronieke staan daar dat die *duiwel* dit gedoen het. Hoe verklaar ons dit? Bevat die Bybel teenstrydighede of, indien nie, werk God en die duiwel saam?

Om dit te verstaan, moet ons kyk na die bedoelings van die skrywers van dié twee boeke.

In die boek Samuel fokus die skrywer baie op die gedagte dat alles, goed of kwaad, onder die beskikking van God geskied. Kyk byvoorbeeld na I Samuel 2:6-9; 3:18; 16:14 en 19:9. Net so sien die skrywer in die volkstelling wat Dawid gehou het, God se hand.

Die skrywer in I Kronieke wys vir ons die instrument wat God gebruik om sy wil mee uit te voer. Die bose werk alleen onder die toelating van God. Satan kan hom nie roer of beweeg as die HERE dit nie toelaat nie. Daar is dus geen teenstrydigheid tussen die twee tekste nie, maar dis slegs 'n bewys dat selfs die Satan volkome in God se mag is.

Ook mag ons weet dat alles wat van die Vader kom, goed of "sleg" (volgens ons eie definisie van sleg), net die beste vir ons is. Hy sê self in sy Woord dat Hy net die beste vir ons wil.

Nog 'n voorbeeld van waar Satan as 'n instrument deur God gebruik is, is in Jesus se geboorte en sware stryd hier op aarde. Was dit Satan wat Christus die bittere pad laat loop het, of was dit die Vader, wat so lief is vir my en jou, dat Hy sy enigste Seun gegee het om vir my en jou sondes te kom sterwe?

God kan dus die Satan gebruik om sogenaamde "kwaad" te laat plaasvind. Maar om dan te sê dat God kan sondig, is absurd. Teen wie sou Hy, die Allerhoogste, dan sondig en aan wie sou Hy ontrou wees? Ons sondig, want ons het God nie so lief soos wat Hy ons liefhet nie, ons kan nie meer sy liefde beantwoord soos wat ons in die paradys kon nie. God het reeds sy oneindige liefde bewys deur sy enigste Seun vir ons te offer. Hoe sal ons Hom dan kan voorskryf wat goed is en wat sleg is, of beweer dat Hy iets slegs gedoen het?

Om kwaad aan die duiwel toe te skryf en te sê dat God nie daartoe in staat is om dit te laat geskied nie, is om vir God die Almagtige en Alwyse grense te stel. Asof Hy 'n afgod is wat op sekere terreine nie kan funksioneer nie. Nee, ons kan weet dat alles wat oor ons pad kom van God af kom en dat Hy net die beste vir sy kinders sal gee (Matt. 7:7-12), al lyk dit soms nie so nie.

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Carina Bijker caad@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente gdevente@global.co.za
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts 14160986@sun.ac.za
Artikelversorger – Anja Luijk
Teksversorging - Sandra Zielman
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker arjanb@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE

Openbaring 21:1-8

Frans Hagg

In die voorafgaande hoofstukke van Openbaring, is die laaste definitiewe gerig oor Satan, die dier en die valse profeet voltrek. Hulle is vir ewig weggeneem en in die poel van verderf gegooi. Nadat die basuingeklank van die oordeelsdag en die donder van die gerig van God weggesterf het, volg daar ’n sagte stilte oor die aarde.

Johannes sien tydens die stilte as ware weer opnuut die herhaling van die skeppingswonder. Hy sien naamlik die eindoel van God se belofte, ’n nuwe aarde en ’n oorkoepelende nuwe hemel. Die herskepping van die wêreld. Die skrif begin met die skepping: ’n paradys, ’n hof, en eindig met die beskrywing van ’n stad, waarin die paradys weer opgeneem is. Die hof van die begin het uitgegroei na ’n stad van die einde. Die skepping wat nou deur God gelouter en gesuiwer is, het uitgegroei tot die glorie van die herskeping, die heerlikheid van die ewige salige lewe. Want die eerste aarde en hemel; die ryk van ongeregtigheid wat tans nog bestaan en waar God se vloek op rus, het vergaan. Hier gaan dus al in vervulling wat God alreeds aan Jesaja belowe het: "Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.” (Jes. 65:17)

Die see is ook nie meer op die nuwe aarde nie. Die see word in die Skrif gereeld as iets vyandigs gesien. Daniël sien die vier diere, die brengers van onheil, uit die see kom (Dan. 7:2-3). Johannes beskryf ook die dier wat uit die see opkom wat in werklikhied die antichris is (Openb.13:1). Die see maak skeiding tussen die kontinente en die mense. Die skeiding val nou weg. Dit word nou een magtige wêreld, wat tot in alle hoeke toeganklik is vir die mensheid.

Wat betref die nuwe wêreld moet ons dit nie verstaan dat die ou wêreld wat God in die begin geskep het nie tot niet sal gaan soos voor die skepping en ’n hele nuwe wereld geskep gaan word nie. Die wêreld sal herskep word. Net soos die gelowiges hul eie liggame herverkry, om daarin God groot te maak, so sal ook die nuwe hemel en nuwe aarde herskep word. In teenstelling met bogenoemde verklaring is daar ander verklarings wat verklaar dat daar ’n nuwe aarde en hemel in die plek van die oue sal kom. (Jes. 65:17; 66:22 en 2 Petr. 3:13). Sien ook Openbaring 20:11 waar by die laaste oordeel die hemel en die aarde verdwyn omdat daar vir hulle nie meer plek is nie. Hulle sê dat die ou aarde en hemel heeltemal wegval.

As die ou fondament van Babel van die aarde af verwyder is, lê God, die Groot Kunstenaar en Boumeester, die fondament vir sy ewige stad. Die nuwe Jerusalem daal dan van die hemel af neer na die nuwe aarde. Die nuwe heilige Jerusalem, in teenstelling met die ou Jerusalem, is waarlik ’n stad van vrede wat geheel en al gewy is aan God die Drie-Enige. Die ou Jerusalem het Christus vervolg en gekruisig. Daar, in die hemel, is die nuwe stad alreeds voorberei en gebou. Dus kon dit in sy geheel op die nuwe aarde neerdaal. Terwyl Satan en die wêreld die kerk van Christus probeer vernietig, het God deur die hele geskiedenis die nuwe stad gebou, en nou daal die nuwe Jerusalem neer voor al die verbaasde oë van die mense: statig, stewig en skoon van harmonie,’n stad wat tot in ewigheid sal bly staan.

Die ewige vreugde sal daarin woon, want die gemeente wat God toeberei het vir Hom as bruid (Jes. 61:10) sal voortaan met Hom in die innigste gemeenskap lewe. So is die Godstad, die bruidstad Jerusalem, in teenstelling met Babel, die hoerstad wat net homself gesoek het en in verderf gestort is, nie teen die Here, maar gegrondves deur en vir die Here. Die nuwe Jerusalem word ook aangewys as die bruid van die Lam (Openb. 21:9-10).

Nadat die nuwe Jerusalem neergedaal het, hoor Johannes ’n groot stem wat met groot nadruk uit die Troon spreek, die stem van Hom wat die hele geskiedenis van die aarde tot die heerlike eindpunt sal lei, naamlik dat God se woning by die mense sal wees. Nie meer ’n aparte tempel in die stad waar God, al was die tempel in die stad, tog geskei is van die volk deur die voorhangsel wat afstand gemaak het tussen God en die volk nie. Nee, die ganse stad het tempel geword. God sal woon tussen die mense en in innige gemeenskap met hulle

verkeer. Die belofte wat meermale uitgespreek is dat Hy vir sy volk hulle God sal wees en hulle sy volk (Eseg. 37:27), word nou ten volle vervul. Tot nou toe het God in die geskiedenis van sy openbaring herhaaldelik aan sy volk verskyn. Die hoogtepunt van die verskyning was tydens die vleeswording van Christus. Alle afstand is oorbrug, al die skeidings is verwyder. God self sal oor hulle sy tentdak uitsprei. Dit is die grondslag van die hemelse saligheid: die lewe met God.

En noudat al die skeidings weggeval het, val al die ellende ook weg. Sy lieflike teenwoordigheid maak alles goed vir sy kinders. Hy sal hulle troos soos 'n moeder haar huilende kind troos. Al die trane van verdriet sal afgevee word (Jes. 25:8 en Openb. 7:17). Ook word al die verborgenhede van God geopenbaar sodat sy kinders sy majesteit sal prys as aanbiddelike heerlikheid en oneindige regverdigheid. Geen nuwe leed kan God se kinders meer tref nie, want al die leedbringers is nie meer daar nie. Die dood sal daar nie meer wees nie, geen smart oor verlies en gemis van naasbestaandes nie. En noudat die vloek weggeneem is, is daar nie meer moeite van enige aard nie.

Weer spreek God, die Magtige Skepper, die enigste ware Koning wat op sy troon sit. Die troon waarvan Hy alle dinge regeer en alles skep en herskep deur sy magswoord. Johannes kry die opdrag van God om die woorde op te skryf: "Skryf dit op, Johannes, vir die kerk van alle tye, wat op die oomblik deur die wêreld vervolg word, om aan my Woord vas te hou. Ek sal gestand doen aan my woord en Ek bring dit alreeds in vervulling, want ek maak alreeds alle dinge nuut. Ek werk deur die hele geskiedenis aan die vernuwing van die hemel en aarde." Johannes kry die opdrag, omdat die woorde betroubaar en waar is. Daarvoor is God self die waarborg en Hy bevestig dit in vers 6. Vir die gelowiges wat hier in die ou wêreld die stryd teen die magte van die bose moet voortsit, is hierdie versekering 'n kragtige onderskraging. Daarom is dit belangrik dat Johannes die woorde van God moet opskryf (Openb. 19:9; 22:6).

Vir God die Ewige, is die heerlike toekoms so seker, dat dit vir Hom as't ware alreeds gebeur het. Om alle twyfel te verban, verklaar God dat die dinge waarvan gepraat is, al klaar gebeur het. By God is daar nie 'n verlede, hede en toekoms nie; Hy is die Ewige. Wat Hy Hom voorneem, is so goed as uitgevoer. Daarom kan dinge wat volgens menslike denke nog in die toekoms lê, deur God aangekondig word as klaar gebeur. Want God is die Alfa en die Omega. Dit is 'n mooi omskrywing van die Here. Die alfa is die eerste letter van die griekse alfabet en omega die laaste. Die omskrywing wil dus sê: Ek is die Begin en die Einde. God wat alle dinge na 'n einddoel lei wat deur Hom daar gestel is. Wat God begin het, sal Hy ook tot voleinding bring. "Uit My, en deur My, en tot My is alle dinge."

God gee die dorstige, die behoeftige en ellendige wat tot Hom kom die water van die ewige lewe wat Hy self berei het. Sy kinders ontvang lafenis. En dit is alles verniet. Sy kinders hoef niks te doen nie. Net te ontvang. Hoe goed en groot is God se genade.

Dan volg die belofte wat God aan sy kinders gee. Hou dus vol, kinders van God. Stry die goeie stryd van die geloof en hou die beloning in die oog. Want wie oorwin, sal die hemelse dinge beërwe, as onvervreembare goed waarop sy kinders ewige reg het as wettige erfgename. Wie God soek sal baie vyande hê en fel bestry word. Maar dit is die moeite werd. Die leiding wat sy kinders vandag ondervind, weeg nie op teen die heerlikheid wat daarop volg nie.

Maar saam met die belofte kom ook die dreiging. Die wat nie volhard nie en swig onder die smaad en verdukking van die wêreld en tot godeloosheid verlei word, sal alles ontgaan. God waarsku die lede in sy gemeente wat skaam is vir Hom en sy Woord en nie standvastig bly in die geloof nie. Die wat deur die magsvertoning van Satan die wêreld en towenary vasgegryp word. Hulle sal die toorngloed van God ondergaan. Hul erfdeel ontvang hulle in die vuurpoel van rampsaligheid, wat die tweede, ewige, volledige dood is. Want die nuwe wêreld is 'n heilige wêreld waar alleen diegene inkom wat die Koning en die heiligheid van die Koning liefhet.

Bronnelys
1.Van Dijk, J., Paraphrase van het boek Openbaring. 3de druk.
2. Bremmer, R.H., Visioenen op Patmos. 8ste druk. 1982.
3. Groenewald, E.P., Die Openbaring van Johannes. 1985.

PSALM 119: IN GOD SE WET VIND EK MY VREUGDE

Anja Luijk

Wie van ons het al in die kerk Psalm 119 deurgelees? So af en toe lees jy miskien 'n paar verse of sing ons 'n paar verse in die erediens. Psalm 119 is eintlik 'n pragtige lofsang.

Die wet van die Here gee vreugde, want dit red en gee lewe al bring dit ook lyding. Die digter van Psalm 119 gee uiting aan die vreugde wat hy in die wet vind. Hy put sy krag daaruit, ondanks die vervolging en lyding wat hy moet verduur.

Die digter is met vrees en ontsag vir die Here en sy wet vervul (vs 120), tog word sy gemoedstemming oorheers deur vreugde in die Here en sy wet (vs 174). Slegs van die Here kry hy sy lewe, net uit sy woord. Die Here is die Skepper. Sy woord wek lewe (vs 93).

Psalm 119 kan ook goed op die jongmense gerig word. Hy spreek die jeug persoonlik aan (vs 9). Die jongmens kan sy pad skoonhou deur hom aan die woord te hou. In Prediker lees ons amper dieselfde boodskap aan die jongmens (Pred. 11:9,10).

'n Opsomming van Psalm 119

- Verse 1-8 Dit gaan goed met die wat volgens die Woord van die Here leef.
- Verse 9-16 Ek is soos 'n vreemdeling, aangewese op God se beskerming.
- Verse 25-32 God verhoor my gebed, ek is gretig om sy wet te leer.
- Verse 33-40 God gee my insig om volgens sy wil te lewe.
- Verse 41-48 Deur God se troue liefde sal ek selfs voor die hoogste gesag sy getroue woord aanhaal met vertroue.
- Verse 49-56 Sy beloftewoord hou my in die lewe, selfs in die nag dink ek aan Hom.
- Verse 57-64 Dit is my lewe om sy woord te gehoorsaam.
- Verse 65-72 Deur swaarkry leer ek God se Woord waardeer.
- Verse 73-80 Ek behoort aan God en kan net van sy trou en ontferming lewe.
- Verse 81-88 Ek vertrou op God se liefde.
- Verse 89-96 God is altyd daar, sy woord staan vas, dit is volmaak en hou my in die lewe.
- Verse 97-104 God se woord gee my meer insig as menslike kennis en ervaring.
- Verse 105-112 God se woord is vir my 'n lamp.
- Verse 113-120 God vernietig die godeloses, maar laat my vasstaan.
- Verse 121-128 God, in sy troue liefde, gryp in in my lewe.
- Verse 129-136 God se woord bring lig.
- Verse 137-144 God se gebooie is altyd regverdig.
- Verse 145-152 In my benoudheid vertrou ek op God.
- Verse 153-160 God se troue liefde hou my in die liefde.
- Verse 161-168 God se woord is vir my soos 'n skat.
- Verse 169-176 In God se wet vind ek my vreugde en as ek wegdwaal, soek God my soos 'n herder na 'n verdwaalde skaap.

"Deur Jesus Christus is die volle krag en heerlikheid van die Woord van God geopenbaar. Sy Woord wek lewe. In Hom het die Woord vir my inderdaad 'n lewendmakende Woord geword: my lig en lewe" (Joh. 1:4).

ALLES IS MY GEOORLOOF, MAAR...

Riglyne vir ons gedrag vanuit 1 Korinthiërs 6:9-20 en 10:23-11:1

Willemien Kleyn

Die vraag word gereeld gevra: "Wat wil God hê moet ons doen?" Dan is die maklikste antwoord: "Lees net sy Woord." Die probleem is egter dat God se Woord nie vir my sê "jy moet onderwyseres word" of "jy mag nie vir Saartjie kuier nie, maar wel vir Kosie" of "jy mag nie hierdie fliek kyk nie, maar wel daardie een." God se Woord gee ongelukkig nie vir ons sulke spesifieke riglyne nie. God wil hê ons moet self besluite maak.

In 1 Korinthiërs gee Paulus sekere riglyne vir Christelike gedrag. Hy verduidelik vir die Korinthiërs hoe hulle kan ontdek wat werklik in ooreenstemming met God se wil vir hul lewe in elke situasie is. Hy wys vir hulle hoe hulle hul Christelike vryheid moet handhaaf binne die konteks van hul verantwoordelikheid om God te dien.

Die riglyne wat Paulus vir hierdie gemeente gee is ook baie nuttig vir ons vandag. Vir ons as jeug wat ons pad in hierdie wêreld moet vind, en nog baie besluite moet neem. Ons wat so maklik aan die een kant deur die wêreld verlei kan word, of aan die ander kant bang kan wees om met tradisies te breek. Kom ons kyk na die riglyne wat Paulus gee, en probeer sien hoe ons dit vandag steeds kan gebruik.

Is dit wettig?

"Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? [...] En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God."
1 Korinthiërs 6:9, 11

Die Korinthiërs het nadruk op hul Christelike vryheid gelê. Paulus antwoord egter dat vryheid nie die enigste Christelike beginsel is nie. Ons is nie sonder rede vry nie – ons is vry om heilig te wees. God het ons van die slawerny van die sonde vrygemaak – en dit nie sodat ons onsself weer deur die sonde sou laat verslaaf nie!

Wat probeer Paulus hier sê? Hy dui aan dat geen daad wat duidelik teen God se Woord ingaan ooit aanvaarbaar vir 'n Christen is nie. Dit help nie om jou Christelike vryheid te probeer gebruik om so 'n daad te regverdig nie. Enige daad wat teen God se Woord ingaan is en bly sonde. Ons Christelike vryheid is 'n vryheid om God se wette lief te hê en te gehoorsaam.

Hierdie eerste riglyn kan ons help om baie opsies duidelik af te keur. Ons wil dan byvoorbeeld nie by ons klasmaat in 'n toets afskryf, of na 'n fliek met eksplisiete sekstonele kyk nie. Hoe gereeld gebeur dit egter nie dat Satan ons verblind sodat ons vergeet dat ons vrygestel is om heilig te wees nie?

Is dit nuttig vir my?

"Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie."
1 Korinthiërs 6:12a

Het jy dit al ooit ervaar dat jy, as iemand jou uitvra oor sekere aspekte van jou gedrag, onmiddellik vra: "wat is fout daarmee"? Dit is baie keer half 'n natuurlike vorm van selfverdediging. Hierdie antwoord kan egter ook 'n skuldige gewete wegsteek. Ons weet eintlik dat dit nie die belangrikste vraag is nie. Dit kan dalk wees dat die gedrag op sigself nie verkeerd is nie, maar terselfdertyd ook nie reg is nie – die gedrag is nie werklik stigtend of nuttig nie. Die vrae wat ons moet leer om te vra is: Sal dit myself stig? Sal dit my verhouding met God versterk? Sal dit my nader aan Hom bring?

Daar is baie areas in ons lewe waar ons dit kan toepas. Dink net aan beroepskeuses, of die keuse om oorsee te gaan werk of vakansie hou. Sal hierdie dinge my nader aan God bring? Of sal dit my vereensaam van sy gemeente? Of wat van die vraag oor hoe om geld uit te gee. Sal dit my geloof stig om daardie kar wat ek so begeer te koop? Of sal dit my tyd, energie en belangstelling so beïnvloed dat ek geestelik armer daardeur word?

Hierdie vrae is persoonlik. Ons praat hier van dinge wat op sigself wettig is. Die vraag of dit nuttig is - nuttig vir *my* - is persoonlik. Dit is iets wat ons vir onsself moet uitklaar. Maar hieroor ons moet eerlik wees teenoor onsself.

Is dit verslawend?
"Alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie."
1 Korinthiërs 6:12b

Hierdie is weereens 'n persoonlike vraag. Die beginsel hier is dat ons altyd, deur die genade van die Heilige Gees, in beheer moet wees van onsself. Ons moenie onsself laat oorheers deur enigiets nie. Dinge wat op sigself onskuldig is, kan baie maklik ons lewe oorneem. Ons kan dan nie meer sonder daardie dinge lewe nie. Ons het dan daaraan verslaaf geraak.

Daar is byvoorbeeld geen inherente kwaad in 'n nuwe kar, 'n mooi huis, lekker kos, of kuier nie. As ons egter nie meer daarsonder kan leef nie; as ons dit eenvoudig *moet* hê – dan is ons nie meer vry nie. Dan het daardie dinge ons kettings geword.

Ons moet dus 'n sensitiwiteit ontwikkel oor die dinge waaraan ons die maklikste verslaaf kan word. Ons moet gereeld vir onsself vra, "sal dit my verslaaf?" Indien die antwoord "ja," is, moet ons daarvan vlug.

Is dit in ooreenstemming met Christus se heerskappy?
"Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."
1 Korinthiërs 6:20

Daar word soms voorgestel dat ons altyd vir onsself moet afvra of ons Christus saam met ons kan neem. Die werklikheid is egter dat ons Christus *altyd* saamneem, na goeie *en* sondige plekke. Paulus noem dat ons liggame lede van Christus is (1 Kor. 6:15). Die werklike vraag is dus: kan ek Christus saamneem en Hom daarna sonder skaamte in die gesig kyk? Is dit wat ek wil doen, die besluit wat ek wil neem, in ooreenstemming met my belydenis dat Christus my Heer is?

Onthou volgende keer as jy gaan kuier: Christus *gaan* saam. Sal jy God aan die einde van die aand, sonder skaamte, kan dank vir 'n lekker aand?

Is dit nuttig vir ander?
"Laat niemand sy eie voordeel soek nie, maar elkeen die voordeel van 'n ander."
1 Korinthiërs 10:24

Dit wat ons doen moet nie net stigtend vir onsself wees nie – ons moet ook ander mense in ag neem. Die vraag is of ek, in alles wat ek doen, ander mense wil dien en help. Of is ek dalk besig om God se werk af te breek (Rom. 14:20)? As ons praat van Christelike vryheid, moet ons dit altyd balanseer met ons verantwoordelikheid teenoor ander mense. Ons moet hulle swakhede in ag neem.

Dit is nie altyd maklik nie, ons wil so dikwels net doen wat vir onsself lekker is. Ons as meisies wil so graag die nuutste modes dra, sonder om onsself te bekommer oor die effek van daardie lae toppie op die seuns. Ons wil so graag ons vrye tyd inrig op 'n manier wat vir ons lekker is, sonder om te moet bekommer oor Ouma wat dit so sou waardeer indien ons sou kom kuier. Juis daarom is dit baie belangrik dat ons stilstaan by hierdie vraag: Is dit wat ek beplan tot stigting van ander mense, of breek dit hulle dalk af?

Is dit in ooreenstemming met die Bybelse voorbeeld?
"Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is."
1 Korinthiërs 11:1

Paulus sluit sy bespreking van die perke op Christelike vryheid af met bogenoemde vers. Baie mense vra vandag die vraag: What would Jesus do? Hierdie vraag kan subjektief raak, maar mens kan ook baie prakties daarna kyk. Is daar dalk 'n insident wat in die Bybel beskryf word wat soortgelyk aan my situasie is? Of is daar miskien 'n Bybelse riglyn wat ek op my situasie kan toepas? Ons kan die Bybel

ondersoek en daardeur vir Christus en sy apostels beter leer ken. Ons kan dan daarna strewe om hulle voorbeeld na te volg. Dit verg moeite. Maar wie het gesê dat dit maklik sou wees om 'n Christen te wees?

Bogenoemde ses vrae moet as 'n geheel gesien word. Hulle werk saam. Hulle gee vir ons riglyne vir ons gedrag. Die uiteindelike doel van hierdie vrae is om ons te help om wat ons ookal doen, dit tot verheerliking van God te doen (1 Kor. 10:31). Dit is mos die doel van ons lewe? Dit is mos hoekom God ons in die eerste plek geskep het? "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel" (Ef. 2:10). Laat ons dan met vreugde daarin wandel en mekaar daartoe aanmoedig!

Hierdie artikel is gebaseer op die hoofstuk "Principles of Conduct" uit die boek "Discovering God's Will" geskryf deur Sinclair B. Ferguson.

LAAT DIE REGVERDIGE MY MET LIEFDE SLAAN

A.P. Drijfhout

Ons weet almal dat daar drie kenmerke is van die ware kerk, naamlik die suiwer verkondiging van die evangelie, die bediening van die sakramente en die uitoefening van die tug. Die Bybel tref geen onderskeid ten op sigte van die belangrikheid van die verskillende kenmerke nie. Al drie is ewe belangrik. Dit kan ook duidelik gesien word as daar na die formuliere van die kerk gekyk word. Net soos daar formuliere is vir die bediening van die sakramente, is daar ook formuliere vir die uitoefening van die tug. Die uitoefening van die tug speel dus 'n belangrike rol in Christus se gemeente.

Tug – positief?
Stel jou voor 'n blinde stap oor 'n smal pad wat kronkel deur 'n verraderlike moeras. 'n Enkele misstap en die blinde is verlore. Gelukkig loop daar iemand voor die blinde wat die pad soos die palm van sy hand ken en die blinde lei, sodat die blinde nie in die moeras beland nie. As die blinde dan tog gly en dreig om in die moeras te val, draai die leier vinnig om en ruk hom terug op die pad, sodat die blinde nie wegsink in die modder nie.

Net soos wat die leier die blinde elke keer terugruk op die pad, so ruk die tug ons elke keer weer terug op die regte pad. Ons sien dus dat die tug iets is wat goed en positief is. Dit is juis om dié rede dat God wil hê dat die tug uitgeoefen moet word in sy gemeente. God tugtig ons omdat hy ons liefhet (Hebr. 12:6). Ons kan dit baie keer so moeilik verstaan, daarom praat en dink ons dikwels negatief oor die tug. Ons moet egter verder kyk as die hede, want "Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vreugdevolle vrug van geregtigheid vir die wat daar deur geoefen is." (Hebr. 12:11)

Tug as middel van God om te red
God het die tug gegee as middel om te red. Die woorde van Paulus in sy brief aan Titus stel dit duidelik: "Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond kan wees." Verder sê die Here ook in Spreuke 19:18: "Tugtig jou seun want daar is hoop." As die tug dus toegepas word, moet ons nie vas bly kyk in die sonde nie, maar kyk na die toekoms. Die tug vestig juis ons oë weer op Christus wat vir ons sondes betaal het en bring ons so weer tot bekering van ons verkeerde weë. Dit is juis die mooie van die tug. Deur die tug kan ons mekaar help deur 'n ander te wys op sy sondes en hoe ons die sondes kan oorwin deur ons oë op Christus te hou. Hierin sien ons die rykdom wat ons het as ons deel mag wees van Christus se gemeente.

Tug hou die kerk rein
Ons is baie keer bang om iemand te bestraf as hy/sy sondig. Veral in vandag se tyd is ons geneig om ons elkeen net met ons eie sake te bemoei. Die Bybel leer ons egter anders. Ons is almal deel van een ligaam en is daarom almal in 'n sekere mate verantwoordelik vir mekaar. Indien daar een ligaamsdeel is wat sondig, beïnvloed dit die hele ligaam, dit wil sê die hele gemeente. "'n Klein bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur" (I Kor. 5:6). God wil hê dat sy kerk rein moet lewe op aarde, maar as daar een deel is wat suur is, gaan alles suur word. Ons sien dus duidelik dat God geen suurdeeg in sy kerk wil hê nie. Dit is selfs so

dat as daar ’n persoon is wat nie as Christen leef in die kerk en nie wil luister na vermanings van die ander gemeentelede nie, hy van God se gemeente afgesny moet word (Mat. 18:17). Dit klink dalk vir ons hard, maar God weet hoe sy gemeente beïnvloed word kan word deur so ’n persoon. Daarom sê God in II Tess. 3:14 selfs: "hou geen gemeenskap met hom nie." Die tug dien dus nie net as beskerming vir die persoon waarop dit uitgeoefen word nie, maar ook vir die res van die gemeente.

Tug – taak van kerkraad
Die kerkraad is deur die Heilige Gees as opsieners oor die gemeente aangestel (Hand. 20:28). Dit sluit verskeie take in, maar een hiervan is die uitoefening van die tug. In die kerkorde is vasgestel wat die stappe is wat die kerkraad moet volg om die tug toe te pas. (In hierdie artikel word nie verder daarop uitgebrei nie.) Dié taak plaas egter wel ’n groot verantwoordelikheid op die kerkraad se skouers. Hulle moet naamlik waak oor die gemeente se siele en daarvan rekenskap gee voor God (Hebr. 13:17).

Tug – net taak van kerkeraad?
Dit mag dalk nou lyk of dit net die taak van die ampsdraers is om die tug toe te pas, maar as ons kyk na die boek Spreuke kry ons direk ’n ander beeld. Spreuke 4:1 praat duidelik oor die seun wat deur sy vader getug word. In I Tess. 5:14 versoek Paulus die broeders om die onordelikes te vermaan. Die "broeders" hier dui nie net op die ampsdraers nie, maar op die hele gemeente. Ons sien dus dat ons almal die taak het om mekaar te vermaan en te betug. Ons dink baie keer dit eindig daarby dat ons af en toe ’n ander moet aanspreek oor iets soos sy swak taalgebruik, maar dit strek veel verder as dit. Ja, natuurlik moet ons dit ook doen, maar as so ’n persoon geen gehoor gee aan die vermanings nie, moet ons dit nie maar daar laat en aangaan soos altyd nie. God vra dat ons ons distansieer van so ’n persoon. Ons moet selfs nie saam met die persoon eet nie (I Kor. 5:11). Dit beteken egter nie dat ons ons rug op die persoon moet draai nie. Ons moet hom nie sien as ’n vyand nie, maar vermaan as ’n broeder (II Tess. 3:15). So lank as die persoon hom egter nie bekeer van sy verkeerde weg nie, kan en mag ons egter nie met die persoon gemeenskap bly hê nie.

Verdra tugtiging
Dit is natuurlik altyd maklik om ander mense op hul foute te wys, maar hoe reageer ons as ons self betug word? Ons is meestal geneig om opvlieënd te reageer, maar dit is nie hoe God dit wil hê nie. Die tug is dan juis ’n teken van liefde, dat God omgee vir ons en ons wil bewaar. Die blinde op die moeraspad sal tog nie woedend uitvaar teen die persoon wat hom uit die modder trek nie? Hy sal eerder die ander bedank omdat hy sy lewe gered het! Maar dit is tog absurd, watter kind bedank nou sy vader nadat hy van hom ’n pak slae gekry het? En tog is dit wat God van ons vra in Spreuke 3:11 en 12: "Verag die tug van die Here nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie, want die Here tugtig hom wat Hy liefhet." As ons dít eers besef, dat God ons tugtig in liefde en so ons elke keer weer uit die moeras trek, dan sien ons hoe nietig en verlore ons is sonder Christus se reddende liefde. Dan sing ons met oorgawe saam met die digter van Psalm 141:5: "Laat die regverdige my met liefde slaan en my tugtig – hoofsalf sal my hoof nie weier nie."

EK EN DIE WET VAN GOD

Chrisjan van Alten

Hierdie tyd waarin ons leef word nogal gesien as die ego-tydperk. Die ego, die ek van die mens staan bo uit. Dié lewensinstelling kan moontlik die beste beskryf word deur: "Ek is ek" en "jy is jy"! Jy doen wat jy wil en ek doen wat ek wil. Ons is mos vrye individue wat in ons lewe ons eie pad loop.

Met norme en gebooie wil die moderne mens niks te doen hê nie. Jy maak jou eie reëls! ’n Bekende Franse filosoof het dit gesê: Die mens is vry om sy eie lewensontwerp te maak. Dié vrymoedigheid moet ’n mens gewoon hê. Hy het nie daaraan gedink om hom deur ’n god die wet te laat voorskrywe nie. Gebooie wat van buite na jou toe kom, sal jou net in jou menswees frustreer.

In dáárdie wereld bestaan God se kerk. In ons openbare eredienste word elke Sondag die Tien Gebooie aan ons voorgehou. Pas dit wel in die erediens? Is dit nie te veel gevra van ons

sondige mense nie? Ons kom mos kerk toe om die evangelie te hoor! Die evangelie beheers en deurtrek die hele wet. Let op die inleiding van die wet: "Ek is die Here, jou God ..." Met dié belofte het God sy verbond met Abraham gesluit. "Ek sal my verbond oprig tussen my en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou." (Gen. 17:7) Hierdie belofte word vervul op die nuwe hemel en aarde. "En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: 'Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.'" (Openb. 21:3) Hierdie belofte beheers die hele Bybel. In die belofte sien ons die verkiesende liefde van God – "Ek is die Here, jou God."

Het dit sin om die gemeente van die Nuwe Testament met die wet van die Sinaï te vermoei? Kyk dan nogmaals na die opskrif van die wet: hierdie wet kom van die God wat ons uit slawerny bevry het. Vir Israel was dit die land Egipte, maar wat is dit vir ons?

Kan, mag en moet ons hierdie opskrif nie lees teen die agtergrond van die werk wat ons Heiland vir ons volbring het nie? Het Jesus Christus nie in ons plek op Golgota in die slawehuis van sonde en duiwel ingegaan nie? Het Hy nie in ons plek die tien woorde van die wet van God vervul nie? Het ons Heiland in daadwerklike gehoorsaamheid God nie volmaak liefgehad en die naaste soos Homself nie? Het Hy nie die straf vir ons oortredings gedra nie? Mag ons nou voortaan hierdie opskrif, as gemeente van die Nuwe Testament nie soos volg lees nie: "Ek is die Here jou God, wat jou in Jesus Christus deur die werk wat Hy volbring het uit slawerny van sonde en duiwel bevry het?"

Ons is die gemeente van God wat deur Christus vrygemaak is. Kyk waar by Israel die twee plat klippe, waarop God met sy vinger die wet geskryf het, gebêre is. Hulle het in die ark van die verbond gelê, onder die goue versoendeksel wat die ark afgesluit het. 'n Pragtige uitbeelding van die versoening, deur die bloed van Christus, van ons wetsoortredings. Elke jaar het die hoëpriester die versoenende bloed juis op daardie deksel gesprinkel. Dit het die genade uitgebeeld wat die wetsoortredings van die volk van God bedek het.



Christus het vir ons die wet vervul. Hy het ons ook van die vloek van die wet bevry, deur self 'n vloek te word. So het Hy vir ons die krag verwerf om die wet van God te onderhou, dit lief te hê en ons lewe daardeur te laat versterk.

Dit is nie nodig om deur die tien heilsame woorde van God gefrustreerd te voel nie. In Jesus Christus kom die tien woorde na ons toe, as 'n genadige reël vir ons lewe in dankbaarheid. Nee, hulle frustreer nie, maar versterk ons wel. Ook dít is genade van God! God laat ons nie aan onsself oor nie – hy wys vir ons die pad. Hy gee vir ons die norme, die reëls vir ons lewe, deur die Tien Gebooie elke Sondag in ons hande te lê.

LEWENSWYSE

Petra Ros

Jesus het dit reeds in Matthéüs 6 duidelik gemaak dat die enkele mees belangrike invloed op ons Christelike lewenswyse is hoe ons oor God dink. Vir Jesus bepaal teologie (hoe ons dink oor God) ons lewenswyse. Jesus wys daarop dat dit veral belangrik is om aan God te dink as Vader en om 'n intieme Vader-kind verhouding met hom te hê.

J.I. Packer het dit soos volg opgesom: "Jy kan die hele prediking van die Nuwe Testament in een enkele frase opsom, indien jy praat van die Vaderskap van die Heilige Skepper. Op dieselfde manier kan jy die hele Nuwe Testament se geloof opsom as jy dit beskryf as die kennis van God as ons Heilige Vader. As jy wil oordeel oor hoe goed 'n persoon Christenskap verstaan, vind uit hoeveel hy daarvan dink om God se kind te wees en om God as sy Vader te hê. As dít nie die gedagtes is wat hom laat bid en sy hele uitkyk op die lewe bepaal nie, dan verstaan die persoon Christenskap nie baie goed nie."

Dit is presies wat Christus sê in Matthéüs 6 wanneer hy die geloof van die huigelaars en heidene openbaar vir wat dit regtig is: onkunde oor God. Die manier waarop hulle bid, toon duidelik dat hulle nie God as hul Vader ken nie. Die kontras tussen hulle en ons, wat wel aan die koninkryk van God behoort, is dat ons die Groot Koning in die hemel ken as Vader. Alle Christene weet dit wel; maar dikwels neem ons dit net aan sonder om dit te ervaar! Anders sou ons lewens 'n meer deugsame, meer vrolike, meer stabiele en 'n meer sorgsame kwaliteit gehad het. Ons sal ook beter weet wat dit regtig beteken om te bid. In plaas daarvan dat ons dan sou wegkruip vir Hom in ons huigelary (soos die Fariseërs) of Hom wantrou in ons bekommernis (soos die heidene), kan ons al ons moeites en probleme aan Hom toevertrou, want ons weet Hy gee om vir ons (I Pet. 5:7).

Dit is natuurlik 'n teenstelling; al is ons Christene, het ons nogsteeds die instink om vir die Vader weg te kruip, omdat hy die Groot Koning is en ons sondaars. Elke vader weet dat sy kinders soms skaam is oor hul dade en dan in vrees dit wegsteek omdat hulle weet hulle verdien om gestraf te word. Ook is die lewe onduidelik en vol beproewinge. Ons is dikwels bekommerd. Totdat ons in die koninkryk van God ingaan, sal gebeurtenisse wat kommer wek deel wees van ons lewens. Om dan na die Vader te gaan, sal konflik in ons veroorsaak: die pyn en skaamte oor ons tekortkominge sal meng met die blydskap en verligting oor sy groot genade.

Gebed bevat worsteling, die stryd om uit ons donker wegkruipplekke waar ons die waarheid oor onsself weggesteek het, te kom voor God, en ons hele lewe voor Hom oop te lê. Jesus weet dit en dit is hoekom Hy sy dissipels geleer het om die Onse Vader te bid. Hiervoor is twee redes. Eerstens voorsien dit 'n modelgebed wat maklik gememoriseer kan word en wat dien as 'n les oor hoe ons God die Vader moet nader en hoe ons met Hom moet praat. Tweedens dien dit as 'n skets oor die hele Christelike lewe deur sekere vaste punte te stel. Dit onderstreep die lewe se prioriteite en help ons om dit in fokus te bring. Die gebed van die Here wys ons hoe ons die Vader moet aanbid. Sy Grootheid word uitgelig deurdat ons bid "Ons Vader in die hemel" – Hy is in die hemel en ons op die aarde. Hy is hemels, ons is aards.

Ons is van Hom afhanlik vir alles wat ons nodig het, selfs vir elke ademteug! Aanbid ons God nog as ons Vader en lewe soos sy kinders? Bid ons nog dat sy koninkryk mag kom omdat ons besorg is oor sy roem? Of het die Onse Vader maar net vir ons 'n gememoriseerde rympie geword wat ons vinnig aframmel? Laat ons elkeen net weer vir 'n oomblik stilstaan en diep in ons harte kyk. En God die eer gee wat Hom toekom!

Bron: *The Sermon on the Mount* deur Sinclair B. Ferguson

HELP, EK HET 'N SELFOON!

Lieze Bron

Scenario 1:
Op 'n dag het 'n inwoner van 'n bekende koninkryk 'n afspraak met die koning. Ons het almal geleer in die Bybel en deur sprokies hoe 'n koning moet optree. Tydens die afspraak val die inwoner die koning in die rede. Getrou aan 'n koning se optrede word die inwoner in die tronk gegooi om later onthoof te word, want hy het geen respek of eerbied vir sy koning nie.

Scenario 2:
Dit is 'n Sondagoggend en die kerk is vol. Ons, as inwoners van God se koninkryk, het 'n afspraak met Hom. Ons weet almal hoe om teenoor 'n koning op te tree. Die predikant, woordvoerder van hierdie Koning, het klaar gebid en wil met sy preek begin. Een van die lidmate se selfoon begin lui … Is daar 'n verskil tussen die twee senario's?

Tydens die erediens praat God, ons Koning, met ons. Ons moet respek en eerbied vir Hom toon. Behalwe vir jou persoonlike Bybelstudie, vra God ons om net tydens die twee eredienste op Sondae af te skakel van die wêreld en dit ten volle aan Hom te wy. Waarvoor het jy dan 'n selfoon nodig in die kerk? Die Koning praat mos reeds met jou en jy het nie 'n selfoon daarvoor nodig nie.

Verskonings, verskonings …
'n Algemene, ongeldige verskoning is dat die persoon 'n familielid by die huis het wat siek is. Voor daar selfone was het ons familielede ook siek geword en by die huis gebly. En niks het met hulle gebeur nie. Of beteken dit nou dat as die tegnologie verbeter, ons God minder eerbied mag toon? Hoekom sal daar nou skielik iets met die siek familielid by die huis gebeur? Daar sal slegs iets gebeur as God dit so wil hê. God se plan dat iets met die siek persoon moet gebeur, gaan nie gekeer word as jy jou selfoon aan het nie. Aan die ander kant is jy oneerbiedig as jou selfoon aan is tydens die erediens.

Nog verskonings is dat jy jou selfoon op 'vibreer' of 'sagte lui' sal sit. 'n Selfoon wat in die kerk lui, trek almal se aandag af. As jy jou foon op vibreer sit dan klink dit soos 'n swerm bye wat op pad is en jy ontwrig die mense wat die naaste aan jou sit. As jou foon op sagte lui is dan konsentreer jy self nie, want jy wonder of iemand jou nie dalk soek nie en dit is wanneer 'n mens begin vroetel.

Behalwe om jou selfoon af te skakel, is daar nog maniere om eerbied te toon in die kerk. Jy is nie veronderstel om gesprekke te voer, briewe te skryf, sms'e stuur of kommentaar te lewer oor ander lidmate/gaste in die kerk nie.

Die doel van ons as lewende mense is dat ons gebore is in die Koninkryk van God. Ons is deel van die Goddelike Familie van God. Wat 'n voorreg! As jy eers hierdie feit aanvaar, dan gee dit 'n hele nuwe betekenis aan jou lewe. Dit beteken natuurlik dat jy ook al die valse en tog lekker dinge van die wêreld eenkant moet skuif. Ons het almal (of is veronderstel om te hê) respek vir ons aardse ouers. God, ons Hemelse Vader, gee ons lewe en soveel meer in die nuwe lewe. Hoeveel meer respek moet ons Hom nie dan toon nie?

Laaste gedagte. Dit is ons elkeen se verantwoordelikheid oor hoe ons optree tydens die erediens. Net jy alleen moet en gaan die nagevolge dra.

NOG IETS

DIE VERHAAL VAN DIE VISLOSE VISSERMANNE

Anoniem

So was dit dan dat daar 'n groep was wat hulleself vissers genoem het. En, voorwaar, daar was baie visse in die omgewing. Om die waarheid te sê, in die omgewing was daar oral stroompies en damme. Visse in oormaat ... en die visse was honger!

Week vir week, maand na maand en jaar na jaar het diegene wat hulleself vissermanne noem, bymekaargekom om te praat oor hulle roeping om vis te vang, oor die oorvloed visse, oor hoe hulle te werk behoort te gaan. Jaar na jaar het hulle fyner en in meer detail gedefinieer wat visvang beteken, hulle het visvang as 'n beroep verdedig, hulle was dit eens dat die primêre taak van 'n visserman was om vis te vang.

Voortdurend het hulle gesoek na nuwe en beter visvangmetodes, na beter visvangdefinisies. Hulle het gesê: "Die visindustrie bestaan uit visvang soos vuur bestaan uit vlamme." Hulle was lief vir slagspreuke soos "Visvang is die primêre taak van elke visserman" en "Elke visserman moet visvang".

Hulle het spesiale byeenkomste wat hulle "vissermanveldtogte" genoem het, geborg, asook projekte soos "Die visvangmaand vir vissermanne". Geen moeite is ontsien om nasionale en internasionale kongresse te reël om visvang te bespreek en te bevorder nie. Nuwe visvangtoerusting, nuwe en beter aas en meer effektiewe visvangmetodes is onder die soeklig geplaas.

Hierdie vissermanne het groot en indrukwekkende geboue opgerig: "Visvanghoofkwartiere". Hulle pleidooi was dat elkeen 'n visserman moet wees.

Een ding het hulle egter nie gedoen nie. Hulle het nie visgevang nie.

Behalwe gereelde samekomste het hulle ook 'n vissermansraad gevorm wat vissermanne na verafgeleë plekke kan stuur om ook daar te gaan visvang. So 'n raad was nodig om vissermanne uit te daag om, getrou aan hulle vissermanroeping, ontberings en gevaar te trotseer om te gaan visvang. Daarom was die lede van die raad mense wat met visie en durf kon praat oor visvang, wat visvang duidelik kon defineer en wat mense kon motiveer om ander soorte visse met ander kleure in ander gebiede te gaan vang. Personeel is in diens geneem om te bepaal watter gebiede en watter strome uitgesonder behoort te word om by te gaan visvang. Verskillende kommitees, elk met 'n spesifieke taak, is aangewys. Maar, die raadslede en personeel het nie visgevang nie.

Groot en luukse opleidingsfasiliteite is opgerig om vissermanne te leer hoe om vis te vang. Grade in vissiologie is aangebied met jaarkursusse in die behoeftes van visse, die gewoontes van visse, waar om vis te vang, die psigologiese reaksies van visse en hoe om visse te benader. Jaar na jaar is die magdom teorie met moeite oorgedra. Tyd vir visvang was daar nie.

Sommige het baie studie en tyd spandeer om die geskiedenis van visvang na te gaan. Afgeleë plekke is besoek waar die vissermanne van ouds met groot sukses visgevang het. Daar is met lof gepraat van daardie manne se toewyding en deursettingsvermoë.

Daar het ook verskillende publikasies die lig gesien. Vissershandleidings met verskillende metodes, toerusting en inligting oor die

verkillende visse was onontbeerlik. Sprekers is volgens ’n program geskeduleer om oor visvang te praat by die vissermanklubs.

Sommige het die uitdaging aanvaar en na uitgesoekte plekke vertrek om te gaan visvang. Daar aangekom het hulle egter verskillende take gehad wat hulle aandag gevra het. Daar moes kragstasies gebou word om water vir die visse te pomp, nuwe kanale moes vir die visse gemaak word. Geskikte voertuie om die verskillende visserye te besoek was ’n groot behoefte. Daar is ook heelwat tyd spandeer om ’n bepaalde interaksie en verstandhouding met die visse te bewerkstellig sodat visse kon onderskei tussen goeie en slegte vissermanne. Ander het weer gevoel dat hulle blote teenwoordigheid op die viswaters genoegsaam is. Visse is daar nie gevang nie.

Eendag, na ’n aangrypende byeenkoms oor die noodsaaklikheid van visvang, het ’n jongman die byeenkoms verlaat en gaan visvang. Die volgende dag rapporteer hy dat hy twee visse gevang het. Hy is geprys vir sy uitstaande prestasie en afgesonder om soveel as moontlik byeenkomste te gaan toespreek oor visvang. Gevolglik kon hy nie verder visvang nie, aangesien hy nou, as ’n man met aansienlike visvangervaring, verskeie lesings moes gaan aanbied.

Dit is waar dat baie vissermanne baie opgeoffer het. Sommige het jare langs die viswaters gebly, die reuk van dooie vis elke dag getrotseer. Baie het siek geword in nat en koue weersomstandighede. Sommige is gespot oor hulle vissermanklubs. Daarom sou ’n mens amper kon verstaan dat hulle seergemaak was toe iemand eendag insinueer dat as jy nie visse vang nie, jy nie regtig ’n visserman is nie.

En tog: dit klink wel korrek. Is ’n visserman ’n visserman as hy jaar in en jaar uit nooit ’n vis vang nie? Behoort hy dan aan die Groot Visser? Hy wat eenmaal gesê het: “Ek sal jou ’n visser van mense maak.”

Deur die sleutelgat

Welkom, nimlike sleutelgatloerders!

Soos iemand ’n keer gesê het: “As dit te goed goed lyk, om waar te wees ... dan is dit meestal die geval.” Dit het ’n klompie van die jeug geleer op die harde manier.
Daar was ’n gaping op die kalender en die kans laat die jeug nou nie deur hul vingers glip nie. Die aand tevore by die Drijfhoutwoning is beraadslaag oor wat aan die saak gedoen kan word. Ongelukkig het die mense wat hulle stemme meestal dik maak, ongeïnspireerd voorgekom. Ysskaats, *ten-pin bowling* en *putt-putt* is as voorstelle ingedien, maar die demokratiese kiesproses is in die wiele gery toe suster Antoinette die stembriefies gedokter het en gevolglik almal gestem het vir warmwaterbronne in Goudini. Ek wil net van die geleentheid gebruik maak om haar geluk te wens met haar lewendige verbeelding. Nee, die grootste faktor is en was geld. Daar wil wel iets nuuts geprobeer word, maar solank dit amper niks kos nie. En dis net hier waar broeder Albert op die toneel verskyn ...

“Ek weet van ’n uitmuntende lokasie waar daar ’n enorme grot is wat omskep is in ’n *putt-putt* paradys... En dit kos R6 per persoon!” Na so ’n stelling was almal natuurlik een en al ore. Het Albert die onmoontlike vermag? Het hy waar nog niemand vantevore suksesvol was nie, geslaag? Nee, wat het julle dan gedink! Die wonderlike verskynsel wat bekend staan as Cave Golf is ’n delikate sport wat ’n mengsel is van vernuf, geluk en lewensgevaar. Aangesien die “grot” nie al te groot is nie, is dit miskien ideaal vir kleuters maar nie vir torings soos Frans en ’n paar ander nie. Menige kopstampe en houe oor baansyfer later was dit plesier op ’n einde. Chris-Jan het onder moeilike kondisies as oorwinnaar uit die stryd getree. Ons was almal nie te bekommerd daaroor

nie, ons was maar net te bly om heelhuids daarvan af te kom.

Koffiedrink het sy gloriedae gesien, of so het vele van ons gedink. Vroeg huistoe gaan was aan die orde van die dag. Niks mee verkeerd nie, maar dis asof daar vonk gekort het. Na ’n uiters geslaagde koffiedrink by die Drijfhoutjies wat die rekord nou amptelik hou vir die langste koffiedrink tot op hede, was daar heelwat ligpunte daarna.

Marthie het amper die titel by Anita oorgevat as gasvrou by uitstek. ’n Kombinasie van ’n enorme koek en eksotiese broodjies met tamatie en kaas het Corlia bekommerd gelaat. As dit nie was vir die feit dat almal nege-uur na Margriet se afskeid gegaan het nie, en dit sluit Marthie in, sou ek sekerlik die geskiedenisboeke moes herskryf. Dankie Marthie, dit was uitsonderlik! Margriet se afskeid was ’n droewige affêre met vele gesnik en daar moes konstant gemop word van al die trane wat gevloei het. Goed, ek oordryf ligtelik. Maar dis ’n groot verlies en ons hoop dat dit goed gaan met haar. God se seën toegewens.

En toe was daar weer geleentheid tot vreugde toe ons onlangs pannekoekaand by dominee gehou het. Dit was goed gereël. Oorvloed van mense, en vulsels vir die pannekoeke. Een verrassing was die Haak-konkoksie wat nie eens deur die maker geëet wou word nie. Op die ou einde was dit die mees gewilde vulsels! Olga en Jan was in ’n taai stryd gewikkel om die titel van Shoprite-Checkers Pannekoek-koning. Jan se klante was bietjie onredelik. Die Golden Girls (aka Carien, Anita en Ilze) was onverpoosd besig om pannekoek na pannekoek af te wurg en met die geroep van ’n kwêvoel in die agtergrond het Jan sy titeldrome sien verdwyn soos mis voor die son. Dankie, dominee, vir die gesellige aand!

Laastens moes ons met ’n snik en ’n tot wedersiens afskeid neem van Lieneke. Sy is een van ons staatmakers en sal baie gemis word. Sy gaan vir ’n jaar na Nederland en ons wens haar sterkte toe. En ’n spoedige terugkeer! Dit was ’n tipiese Kaapse aand met lekker weer en toe ’n vinnige stortbui wat amper die vure gedoof het ... Letterlik. Gelukkig kon almal hul kos verteer en dit was inderdaad gesellig. Chris (nie Chris-Jan nie) het groot verhale opgedis en daar was ’n groot opkoms wat net die statuur van die geliefde suster beaam! Mag dit goed gaan.

Dis vir eers al. Sterkte met eksamens en dergelike euwels, maak maar die beste daarvan. En dan is dit maar totsiens van my, Genis!

Voetspore

Geagte lesers

Terwyl u waarskynlik nou al ’n paar maande met spanning, met ’n telkens teleurgestelde gesig, vir die Olielamp in u posvakkie gekyk het (en veral vir die Voetspoor), het daar so een of twee dinge gebeur.

Pretoria (die stad) staan gewoonlik nie juis bekend om sy aksiebelaaide, dinamiese (om Tanya te *quote*) en *exciting* eienskappe nie. Ons word gesien as nogal boring mense, met ’n groot hoeveelheid ingenieurstudente (geen verband word tussen hierdie twee gestel nie, kritiese leser). Wat ’n skelle kontras met Pretoria (die jeug van die VGK)! Dis soos twee teenoorgesteldes. Die jeug van die VGK is naamlik – vra maar vir Tanya – BAIE dinamies.

Vandaar dat dit ’n groot skok veroorsaak het in my gestel om agter te kom dat die jeug hierdie reputasie geensins waar bewys het die afgelope tyd nie. Nee, selfs drastiese teleurstelling op hierdie gebied word raakgesien. Want om eerlik te wees, liewe lesers, daar het slegs een noemenswaardige ding gebeur in ons liewe stad se jeugkringe.

Hierdie gebeurtenis is in die Mededelingsblad aangekondig as “die grootste kuier ooit”. Dit was gedeeltelik waar, al het dit nie die eerste Woodstock (144 000 mense – 1 sterfgeval), The Wall ’89 (300 000 mense) of natuurlik Patricia

Lewis en Jurie Els se "Bokjolboeretjolsakkie-sakkie-sokkie" van 1997 (91 mense) oortref nie. Die besoekersmeter het by hierdie kuier – geleë in dominee Kleyn se tuin en omstreke – om en by 90 mense getel. Die mense het van Pretoria, Maranata, Jo'burg, Soshanguve en Mamelodi gekom, en Marjan en Willemien moes "coffee, tea or Milo" skink tot dit by hul ore uitgekom het. Gelukkig was daar genoeg koppies en het dit op die ou end tog by die ware bestemming uitgekom.

Chris het 'n Bybelvasvra gehou en die absolute uitblinkers van die kompetisie was Petro en haar ou, Damien. Die Bybelse figuur Susanna was volgens Petro al die pad syself gewees (haar naam is naamlik … uhm, laat ek maar nie sê nie, sy is sensitief hieroor), en Damien het selfs ingesien dat Susanna "a woman" is. Weens 'n gebrek aan kennis by die jurie het hulle groep nie die finale Flinkdink bereik nie, en kon dus nog meer "coffee, tea or Milo" drink gedrink word.

Die middag was die groot *event* waarvoor – aanvaar dit nou maar net, mense – die meeste mense eintlik gekom het. Dit is die *annual* Greater Tshwane-sokkerwedstryd van Pretoria vs Soshanguve. Met Hendrik Tytus as Zizou het Pretoria geseëvier met 'n onbekende telling (die skeidsregter is deur *charmes* of deur "coffee, tea or Milo" weggelok). Die game was egter baie *tight*. Inligtingsbronne het laat weet dat Soshanguve in die vervolg Vuvuzelas gaan saamvat as intimidasiemiddel. Die koster het egter al klaar beswaar teen geluidoorlas gemaak.

En hier stop die bus, met die matrieks wat rekord- en eindeksamen skryf, die studente wat nog steeds armoedig en alleen is en die res wat aankarring. 'n Spesiale versoek aan elkeen: gaan aan met die aankarring en moenie skrik as jy jou naam in die VOETSPOOR ® sien nie. Alle klagtes kan na die – aan u vertroude adres – gaan.

Auf Wiedersehen

Gedigte

LOVE - George Herbert

Love bade me welcome; yet my soul drew back,
Guilty of dust and sin,
But quick-eyed Love, observing me grow slack
From my first entrance in,
Drew nearer to me, sweetly questioning
If I lack'd anything.

'A guest' I answered, 'worthy to be here:'
Love said, 'You shall be he.'
'I, the unkind, the ungrateful? Ah, my dear,
I cannot look on Thee.'
Love took my hand, and smiling did reply,
'Who made the eyes but I?'

'Truth, Lord, but I have marr'd them: let me shame
Go where it doth deserve.'
'And know you not,' says Love, 'Who bore the blame?'
'My dear, then I will serve.'
'You must sit down,' says Love, 'and taste my meat.'
So I sit and eat.

VERJAARSDAE

Bethal	
Marizelle Bisset	8-Okt
Le Roï Nienaber	30-Okt
Johannesburg	
Eunice Boessenkool	27-Sep
Talita Boessenkool	4-Okt
Celeste Boessenkool	11-Okt
Teo Boessenkool	13-Okt
Kaapstad	
Jan Geerts	12-Okt
Annemarie Eefting	13-Okt
Clarisse du Plessis	17-Okt
Adrian vd Berg	24-Okt
Maranata	
Hester vd Meulen	27-Sep
Janneke vd Hout	14-Okt
Marinus Boon	15-Okt
Johan de Vente	16-Okt
Johannes Bosman	26-Okt
Pretoria	
Lois Boon	29-Sep
Erik Bosker	9-Okt
Ronald Kamphuis	27-Okt
Arjan Bijker	28-Okt